**NOVEMBER / DESEMBER 2018**

*"Roep My aan en Ek sal jou antwoord" (Jer. 33:3)*

# JAPANSENDING

*Geroep om te Dien*

## GOD SE LIEFDE IN AKSIE

Yoriko Tamai is in Desember 1953 gebore in 'n klein dorpie naby Osaka. Sy en haar ouer suster het opgegroei in 'n huis van getroue Boeddhiste. Haar eerste kontak met Christelikheid was toe sy die Sondagskool begin bywoon het en ook ingeskryf is by 'n Christenkleuterskool.

"My storie oor hoe ek God leer ken het, het begin deurdat ek Engels begin leer het, meer as 50 jaar gelede toe ek aan die deur van 'n paar gawe sendelinge geklop het," het Yoriko gedeel.

"Ek het al die pad na die volgende dorp gegaan om na die hoërskool se Engelse klas te gaan. Die sendelingpaar het my hartlik verwelkom in hulle huis, wat ook as kerk gedien het. Ek onthou steeds hulle vriendelike glimlagte. Ek het my verwonder aan die ornamente, prente, meubels en selfs die reuk in hulle huis. Ek onthou dat ek, toe ek in 'n diep sofa weggesak het, baie senuweeagtig was omdat ek nie Engels kon praat nie.



*Yoriko Tamai*

Dit het my ongeveer 20 minute geneem om met die fiets by hulle huis te kom, en op reëndae het dit my ongeveer 40 minute te voet geneem. Ek het voortgegaan om sonder onderbreking vir drie jaar hierdie Engelse klasse by te woon en ek het begin om die Bybel te lees. Ek het nie hulle kerk bygewoon nie, maar onthou dat ek hulle Kersfeesbyeenkomste bygewoon het.

Die tuisgemaakte koeke en koekies met koffie en tee was so heerlik. Somtyds het ons geleer hoe om koeke te bak en lekkergoed te maak. Ek het die tye wat ons in hulle huis was terdeë geniet.

Hulle het my aangemoedig om nie skaam te wees nie, maar om vrylik Engels te praat - selfs al maak ek foute. Ek het dit so geniet dat ek Engels op universiteit studeer het om so bedrewe te raak sodat ek oorsee kan gaan.

Toe ek 22 jaar oud was, het hierdie egpaar hulle tyd as sendelinge voltooi en teruggekeer na die VSA.

Elke keer wanneer ek Matt. 7:7-8 lees, dink ek aan hierdie gawe sendelinge wat my in hulle huis verwelkom het en met liefde oorlaai het: '**Vra, en vir julle sal gegee word; soek, en julle sal kry; klop en vir julle sal oopgemaak word, want elkeen wat vra, ontvang; en elkeen wat soek, kry; en vir elkeen wat klop, sal oopgemaak word**.'

As 'n universiteitstudent onthou ek dat dit van my verwag was om die Bybel te lees in een van die klasse, want dit was die voorgeskrewe handboek. Ek besef vandag dat die professor 'n Christen moes gewees het en dat God hom gebruik het om my meer van Homself te leer.

Ek het later na Osaka verhuis en vergeet van my drome om oorsee te gaan woon. Voor ek my kom kry, was ek getroud en 'n besige tuisteskepper met 'n 6-jarige seun en 3-jarige dogtertjie.

Dit was omtrent in hierdie tyd wat die sendelingpaar wat ek voorheen geken het, aan my van die VSA af geskryf het om my te laat weet van 'n nabygeleë kerk waar ek Engels kon studeer.

Ek het my kinders geneem en die Engelse klas by hierdie kerk bygewoon. Ek het dit verfrissend gevind om weer Engels te kon praat en vriende te kon maak met 'n buitelander. Baie onderwysers het oor die jare gekom om by hierdie kerk te onderrig. Een onderwyseres wat 'n besondere indruk op my gemaak het, was Ginnie. Sy was ons Engelse onderwyseres vanaf 1986 tot 1991. In haar laaste jaar is vasgestel dat sy kanker het en is sy gehospitaliseer.

Die predikant, lidmate van die kerk en Engelse studente het beurte gemaak om Ginnie in die hospitaal te besoek. Ek het haar elke Vrydag besoek. Dit was tydens een van hierdie besoeke wat sy met my oor Jesus gepraat het en ek het haar belowe dat ek alles sal doen wat ek kon om haar eendag in die hemel te sien. Sy is kort daarna oorlede.

Sedert ek daardie belofte gemaak het, het ek ernstig begin dink daaraan om 'n Christen te word. Dit was juis in daardie tyd wat my buurvrou, my beste vriendin, ook begin oorweeg het om 'n Christen te word.

Ons het albei besluit om die Bybelstudie by die kerk by te woon. Terwyl ek die Bybel bestudeer het, het ek begin nadink oor my lewe en begin besef dat ek 'n sondaar was wat God se vergifnis nodig het. Dominee Sakurai het kort daarna ons altwee na die Here gelei.

Dominee Sakurai het beide my moeder en vader ook na die Here gelei. My 84-jarige moeder het die Here aangeneem terwyl sy in die hospitaal was. My vader kon nie meer praat nie, maar hy kon hoor. Hy het ook die Here aangeneem terwyl hy in die hospitaal was. Ek sien nou uit daarna om met hulle herenig te word wanneer ek hemel toe gaan!

My suster, niggie en 'n paar van my vriende het ook Christene geword. My man en twee kinders is oop vir Christelikheid, maar ken die Here nie. **Bid asseblief** dat hulle ernstig bewus sal word van hulle behoefte aan die Here.

**Wanneer ek besin oor my verlede, kan ek met sekerheid sê dat toegewyde Engelse onderwysers, wat hulle lewe opgeoffer het vir die sendingsaak in Japan, 'n diep impak op my lewe gemaak het**. Om hulle liefde in aksie te sien, het gehelp om my te oortuig van die bestaan van God en sy liefde vir my.

Japansending het sedert 1997 Engelse onderwysers na ons kerk gestuur. Hierdie onderwysers was afkomstig van die VSA, Kanada, Australië, Suid-Afrika, Noord-Ierland, Indië en die Filippyne. Die vriendskappe wat ek met hierdie onderwysers ontwikkel het, was baie spesiaal vir my. Die een ding wat hulle almal in gemeen gehad het, was 'n ware toewyding om God se liefde en die evangelie met die studente te deel. Ek het so baie van hierdie onderwysers geleer oor 'n Christelike lewenswandel.

Engelse klasse bied 'n wonderlike geleentheid om studente te help om bewus te word van hulle behoefte aan die Redder – soos in my geval. Die boodskappe van die Bybel, soos gedeel deur hierdie onderwysers, is goed ontvang en het baie lewens aangeraak."

**Bid asseblief** vir Yoriko omdat sy tans nou saamwerk met die predikant en die Engelse onderwyser om te help dat diegene wat die Engelse klasse by haar kerk bywoon die Here sal leer ken.

**Verteenwoordigers in Japan: DAWID & SUE VERWEY**

**7-40 MONZEN CHO**
**IKOMA CITY, NARA KEN**
**630-0266, JAPAN**
**Tel: 0081-743731754**
**Faks: 0081-743731681**
**japanmission.org**

**POSBUS 30106**
**WONDERBOOMPOORT 0033**
**Tel: (012)377-1533**
**083 719 0227**
**Faks: (012)377-1533**
**sa@japanmission.org**

**www.facebook.com/japanmission.jm/**

**Indien u rapporte en gebedsversoeke vanaf Japan per E-pos wil ontvang, kontak asb jm@japanmission.org**

**DIE SENDING SE UITREIKE- "BID VIR ONS"**

- Bybels en Leesstof
- Studente Uitreik
- Bejaardes Uitreik
- Evangelisasie Byeenkomste
- Oudiovisuele Uitreik
- Hospitaal Evangelisasie
- Engelse Evangelisasie

***ONS OPREGTE DANK EN WAARDERING* teenoor vriende wat bankinbetalings gedoen en ons laat weet het, en veral ook vir inbetalings wat ons nie kon erken nie. Ons trag om alle donasies persoonlik te erken, maar ongelukkig verskyn daar dikwels nie voldoende inligting op die bankstate nie.**

**■ Sal u asb so goed wees om ons te laat weet as u nie 'n erkenning ontvang het nie en ook as u van adres verander.**

**Dit sal 'n groot hulp wees indien die donateur se NAAM en TELEFOONNOMMER duidelik op die Bank Deposito-strokie of Debietorder of Internet oorbetaling verskyn.**

**■ Met opregte waardering erken ons die volgende bankinbetalings waarvoor daar ongelukkig nie voldoende inligting op die bankstate verskyn nie:**

**STANDARD BANK:- 27/8/2018, 31/8, 3/9, 7/9, 17/9, 20/9, 21/9, 1/10, 3/10, 10/10, 16/10, 20/10, 22/10.**

**ABSA BANK:- 26/8, 28/8 Bybels, 1/9, 2/9 NLM, 3/9, 5/9 San Tyger, 5/9, 8/9, 13/9, 13/9 Tzaneen, 14/9 Stilbaai, 17/9, 18/9, 19/9, 24/9, 26/9, 28/9 Bybels, 1/10, 2/10 NLM, 8/10, 15/10, 16/10, 18/10, 25/10 Jeffreysbaai, 25/10, 26/10, 26/10 Durbanville, 27/10, 29/10/2018 Bybels.**

**■ Tjeks kan aan JAPANSENDING betaalbaar gemaak en gekruis word. Dit is egter nie veilig om banknote per pos te stuur nie. 'n Deposito kan direk in die Sending se bankrekening gemaak word by enige tak van STANDARD BANK of ABSA BANK of 'n debietorder kan gebruik word.**

**Nogmaals BAIE DANKIE, liewe vriende. Mag die Here u seën.**


**Naam van Rekening: JAPANSENDING**
**STANDARD BANK, Rek No 010 333 126, Tak No 014-845**
**ABSA BANK, Rek No 090 161 334, Tak No 334-645**

***JAPANSENDING, POSBUS 30106, WONDERBOOMPOORT 0033***
***Tel/Faks (012)377-1533 E-pos: sa@japanmission.org***

***(Art 21) Reg No 2006 /019264 /08***


## BEDIENINGSOPDATERING -


### DOMINEE SAKURAI

Takayasu Sakurai was die predikant wat Yoriko na die Here gelei het. Hy is gered in 1971 deur die bediening van die hospitaalevangelis wat saam met Japansending gewerk het. Na sy ontslag uit die hospitaal het die Here Takayasu gelei om aan te sluit by Japansending. Hy het ook die Bybelskool bygewoon en 'n hospitaalevangelis geword.

Jare later het die Here 'n deur vir Takayasu geopen en het hy 'n predikant geword. Japansending het steeds voortgegaan om saam met hom te werk om die mense van sy gemeenskap te bereik – deur 'n Engelse onderwyser elke week na sy kerk te stuur. Elke Engelse klas het geëindig met 'n getuienis of Bybeltyd.

Japansending het onlangs ''n promosie-video vir sy kerk gemaak – sodat meer mense in sy omgewing kon leer van die werk wat hulle doen.

**Bid asseblief** vir dominee Sakurai en die span werkers wat betrokke is by die bediening. **Bid** dat baie in hulle omgewing na die kerk toe sal kom om te leer van ons kosbare Redder.



*Dominee Sakurai*

## GEBEDSVERSOEKE

■ Kersfees is 'n spesiale tyd van die jaar wanneer Japannese mense besonder oop is vir die Christendom. Japansendingwerkers is dan baie besig met evangeliese byeenkomste, konserte en partytjies. Werkers sal dan betrokke wees by oor die 100 byeenkomste om kerke te help om na diegene in die plaaslike gemeenskappe uit te reik en hulle meer te leer van die ware betekenis van Kersfees. **Bid** dat die Here baie harte sal verander.

■ Japansending het onlangs 'n twee dae lange Engelse kamp in die berge gehou. Baie van die kampeerders het nog nooit 'n kerkdiens bygewoon of die evangelie gehoor nie. Evangeliste het die evangelie gedeel, terwyl vriendskappe gebou is. **Bid** vir die saad wat in hulle harte gesaai is.

## PERSONEELOPDATERING -

### LINDIE KLEINHANS

Lindie Kleinhans kom van Suid-Afrika en het in September 2018 by Japansending aangesluit. Sy reis tans na verskeie kerke om Engels te onderrig en uit te reik na haar studente.

"Soos wat ek vriende gemaak het met my studente het ek gevind dat baie nie glo in God nie," het Lindie vertel. "Party het gesê hulle wil Hom eers sien voor hulle sal glo. **Bid asseblief** dat God Homself aan hulle sal openbaar. **Bid asseblief** ook vir my wat hulle Engels leer – dat God se lig en liefde deur my sal skyn."



*Lindie Kleinhans*

## SPESIALE DANK

Ons wil elke persoon bedank wat getrou gebid en die werk van Japansending in 2018 ondersteun het. U het 'n belangrike rol gespeel om ons te help om die Here se werk te bevorder. Ons prys die Here vir baie saad wat gesaai is, die veranderde lewens en sy getroue voorsiening. Baie dankie vir die wyse waarop u ons getrou ondersteun het in die uitreik na die verlorenes.

■ ***Mag HY vir u seën tydens hierdie Christusfees en vir u bewaar en gebruik in Sy diens gedurende die onbekende Nuwe Jaar. As 'n blyk van opregte waardering stuur ons graag aan u 'n kalender vir 2019.***

***Indien daar enige verandering aangebring moet word aan u adres op die koevert waarin u die brief ontvang het, sal ons dit baie waardeer as u ons asseblief laat weet.***